Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

# Mediaverklaring

21 Januarie 2022

## Stryd vir die behoud van eiendomsreg nog nie verby nie.

Die nuwe Onteieningswet bly steeds die grootste bedreiging vir die eiendomsreg van elke landsburger, waarsku Vrystaat Landbou (VL).

Volgens Francois Wilken, President van Vrystaat Landbou, is dit belangrik dat landburgers en burgerlike organisasies nie die afwering van pogings om die Grondwet te wysig as die einde van die aanval op eiendomsreg sal sien nie. “Anders as die wysiging van artikel 25 van die Grondwet, stel die nuwe Onteieningswetsontwerp van 2020 dit in die vooruitsig om alle bates (nie net grond nie) te kan onteien. Met die Grondwetwysiging-wetsontwerp was ’n twee derde meerderheid nodig vir goedkeuring. Daarteenoor is slegs ’n volstrekte meerderheid (50%+1) van stemme vir die Onteieningswetsontwerp nodig”.

Die finalisering van die Onteieningswetsontwerp 2020 is nog in proses en voorlopig is die openbare deelnameproses afgehandel, daar kan later in die jaar verdere deelname wees wanneer die Nasionale Raad van Provinsies (NCOP) oor die Wetsontwerp besin.

Vrystaat Landbou verwag dat die wetsontwerp met dringendheid in 2022 deur die parlement gefinaliseer sal word.

Vrystaat Landbou is gekant teen die nuut voorgestelde Onteieningswet om die volgende redes:

1. Alle bates kan deur die staat vir onteiening geteiken word.
2. Onteiening kan plaasvind onder die ongedefinieërde term van Publieke belang (Public interest).
3. Slegs teen ’n groot koste kan die slagoffer van onteiening hulself teen onteiening in die hof verdedig.
4. Die wet is ’n agterdeur vir onteiening sonder vergoeding

“Wêreldwyd is onteiening ’n meganisme vir die ontwikkeling van nasionale infrastruktuur en dienste. Die nuwe onteieningswet beoog om eerder ’n instrument van herverdeling te wees: herverdeling van hardverdiende bates vanaf landsburgers na korrupte politieke elite.” meen Wilken.

“Hierdie radikale politieke ideologie het 'n groot impak op ons ekonomiese groei as 'n land gehad. Indien ons sou terugdeins en nie die regerende party se mosie teë gestaan het nie, sou Suid-Afrika beslis in ’n baie slegter posisie gewees het.”

**Woordvoerders:**
Francois Wilken
President – Vrystaat Landbou
083 390 1831

Mnr Gernie Botha
Uitvoerende Operasionele Bestuurder – Vrystaat Landbou
082 376 4435 / gernie@vslandbou.co.za

Dr Jack Armour
Kommersiële Bestuurder – Vrystaat Landbou
071 672 0271 / jack@vslandbou.co.za

**VL Mediabeampte:**
Elana Bester
083 483 1859 / elana@vslandbou.co.za